Nuusverklaring

Vir onmiddellike vrystelling

Familie-wynkelder kondig geskiedkundige opheffingsooreenkoms aan

Wellington, 2 Februarie 2009: Die grootste opheffende grondhervormingsooreenkoms in die wynbedryf is hier gesluit tussen die Adama-werkerstrust en die Bosman-familie van Lelienfontein.

Vyftig persent van 430 ha uitsoek-wingerdgrond is na Adama Appollo Holdings, 'n dogtersmaatskappy wat in geheel aan die Adama–werkerstrust behoort, oorgedra. Hierdie grond sluit wingerde van die De Rust-plaas by Wellington (waar pryswenner wyndruiwe geproduseer word), die naburige plaas Olyfboom, en die De Bos-landgoed in die Hemel-en-Aarde-vallei in. Dit sluit ook 'n deel van Bosman Familiy Vineyards se wynkelder op Lelienfontein in, sowel as 'n aandeel in die bedryfs- en wingerdbou-maatskappy JC Bosman Boerdery. Sowat 260 werkers is bevoordeeldes van die transaksie. Almal het minstens vir drie jaar of meer op die plaas gewerk.

Mnr. Petrus Bosman, direkteur van JC Bosman Boerdery sê: "Ons het op 'n samewerkingsooreenkoms besluit, aangesien so 'n transaksie die lewensvatbaarheid van die projek sal verhoog. Dit behels ons kernbesigheid - van die verbouing van wingerd, tot die maak van wyn, in. Ondersteuning en konsultasie sal dus deel wees van ons dagtaak."

"Al is die fokus van die ooreenkoms grondhervorming," sê Petrus, "wil ons ook aan ons werkers toegang gee tot die hele waardeketting van ons bedryf – die ekonomiese voordele en vooruitsig van sosiale ontwikkeling. Ons het daarom besluit op 'n samevoeging van landbougrond, die kelder, bedryfswerking en bemarking."

Me. Rita Andreas, voorsitter van die Adama-Werkerstrust, sê: "In die kort termyn sal ons fokus op ons vaardigheidsontwikkeling, maar ons langtermyndoelwit is die lewensvatbare groei van die groep. Ons glo dat ons, met die hulp en kennis van die Bosman-familie, ons gesamentlike doelwitte sal bereik."

Opheffing was nog altyd 'n kern van die Lelienfontein-plaas, met Petrus en sy pa, Jannie Bosman, wat die ooreenkoms al vroeg in Januarie 2007 aan die Adama-werkerskomitee voorgestel het. 'n Grondhervormingsaansoek is toe deur die werkers by die Departement van Grondsake ingedien in November 2007, en dit is in Augustus 2008 goedgekeur en in Desember gefinaliseer.

Die transaksie is befonds deur 'n toekennings van Grondsake, maar die Bosmans en die plaaswerkers het ook geld bygedra. Verskeie van die bevoordeeldes werk al vir meer as 25 jaar op die plaas.
Die werkers sal toegang hê tot 250 ha wingerd, die beste wynmaakgeriewe, en 'n aandeel in Lelienfontein Wingerdkwekers, die grooste wingerdkwekery in Afrika.
Die druiwe sal nou boonop kwalifiseer vir Fairtrade-akkreditasie, sowel as die wyn, wat deur Wamakersvallei Wynkelder, gemaak sal word.

- Einde -

Inligting vir die redakteur:-
Bosman Family Vineyards & Lelienfontein
Bosman Family Vineyards is geleë teen die hange van die Groenberg op die plaas Lelienfontein buite Wellington. Die Bosmans besit die plaas sedert 1798, en is deel van 'n lang en uitnemende

wynmaaktradisie. In 1947, het die familie begin met kweek van plantmateriaal vir wingerde, en vandag is die Lelienfontein Wingerdkwekers Afrika se grootste wingerdkwekery, en die eerste bemagtigde-wingerdkwekery.
Die kelder op die plaas is in 2007 gerestoureer en daar word nou weer wyn gemaak. Vier opwindende wyne is onlangs vrystel, dit sluit die bekroonde Shiraz versnit in.

Adama Appollo Holdings en opheffing op die Bosman-plaas
Adama Appollo Holdings word in sy geheel deur die Adama-werkerstrust besit. Die trust word heeltemal deur die werkers besit en bestuur. Daar is 260 begunstigdes, en elkeen het vir drie jaar of meer op die plaas gewerk. Dit sluit ook afgetrede werkers, van wie die meeste 'n lang verbintenis met die familie het.
Die werkerstrust het sy eie aansoek vir 'n grondhervormingstoekenning, met die hulp van die Bosman en met konsultasie van Iaan Olkers van Agri Expert, ingedien. Verdere bystand is verleen deur Jan S de Villiers Prokureurs en PriceWaterhouseCoopers.
Hierdie visie het 'n werklikheid geword toe die finale goedkeuring deur die Departement van Grondsake gegee is op Vrydag 29 Augustus 2008. Die Bosmans en die werkers het toe verdere bydraes gemaak, en die transaksie is in Desember 2008 afgehandel. 'n Private bekendstelling is op Vrydag 30 Januarie 2009 op die plaas Lelienfontein gehou.
Opheffing van die personeel was nog altyd 'n doelwit van die Bosman-familie, en verskeie projekte, soos gemeenskapsontwikkelingsprojekte, opleidingskursusse en spesiale opleiding vir tieners, is aangepak.

Grondverdeling vir die Landbou-ontwikkelingsprogram.

Hierdie program is die breinkind van die Departement van Grondsake en die doel is om aan swart bemagtingskandidate die kans te gee om landbougrond te besit, hul lewenstandaard te verbeter, en die verbruik van die grond te verbeter.
Die Adama Appollo-transaksie voldoen aan die voorwaardes van die program, en het die volgende doelwitte:
- die uitbreiding van geleenthede vir belowende jongmense in die landelike gebiede;
- bemagtiging van die bevoordeeldes deur die verbetering van hul ekonomiese- en sosiale omstandighede;
- om diegene wat landbougrond bekom te help om produktiewer gebruik van die grond te maak.

Meer inligting hieroor kan gekry word van die LRAD webruimte; of deur vir Jimmy Frazen by die Departement van Grondsake te bel, by tel. 021 887 7448.

Verdere inligting beskikbaar by:-
Lelienfontein Wingerdkwekers & Bosman Family Vineyards
Petrus Bosman
Tel: 021 864 1705
E-pos: petrus@vinegrowers.co.za
www.vinegrowers.co.za
www.bosmanwines.com

Adama Werkerstrust
Rita Andreas
Tel: 021 864 1705
E-pos: rita@vinegrowers.co.za

Uitgereik deur Erica Meles Public Relations
Tel: 021 856 0102
Sel: 073 221 2353
E-pos: erica@melespr.co.za
www.melespr.co.za